



Liefde vir afrigting kom van skooldae

Voor sy 30ste verjaarsdag wil hy graag die verspring- en driesprong-atlete wat onder sy hande deurgaan, tot 100 nasionale en internasionale medaljes help, het Neil Cornelius 'n paar jaar gelede gedink.

"Ek is nou 29 en staan op 90 medaljes, so dalk is 100 net te ver. Maar ek sou sê die feit dat daar 'n Olimpiese medalje en 'n wêreldgoue op my lys is, maak op daarvoor, nê?"

Cornelius is die jong man wat jy altyd in die paviljoen sien bosisies gaan wanneer die verspringster Luvo Manyonga sy teenstanders met nóg 'n monstersprong stil spring. Dit is hy wat Manyonga se loopbaan terug op koers moes kry nadat die verspringer in 2015 besef het hy moet die tikduiwel agterlaat, en dit is hy wat sedertdien Manyonga se raserigste raseleier geword het.

En as beloning het Cornelius nou 'n sonderlinge titel. Toe Manyonga twee weke gelede by die wêreldkampioenskap in Londen goud met 'n afstand van 8.48 m losgespring het, het Cornelius die jongste Afrika-afrigter van 'n wêreldkampioen tot nog toe geword.

"Niemand hou regtig die statistieke van afrigters se ouderdomme nie, maar die atlete wat die medaljes wen, het gewoonlik ouer afrigters - deels omdat daar dikwels 'n wanopvatting bestaan dat jonger ouens nog nie genoeg weet om 'n atleet tot sy heel beste te help nie," sê Cornelius die afgelope week uit Zürich.

"Ons weet vir 'n feit daar was nog nooit 'n ander afrigter in Afrika wat jonger as 30 was toe hy 'n Olimpiese medaljewenner of wêreldkampioen afgerig het nie. Dis iets om op trots te wees dat ek die eerste is, maar dan gaan dit ook nie oor my nie."

Cornelius se pa, Danie, staan aan die hoof van Tuks-atletiek en was ook jare lank 'n atletiekafrigter. Dis deur sy invloed dat die atletiekoggie die jong Neil gebyt het. Hy was nog op skool, sê hy, toe sy pa hom die fynere kunsies van afrigting begin leer het. En vandag kan hy nie onthou dat hy ooit enigiets anders met sy lewe wou doen nie.

"My pa het altyd moeite gedoen om vir my te sê hoekom hy dinge op 'n sekere manier doen, en dat daar 'n doel moet wees agter alles wat jy doen. Toe ek op my eie voete kom en my eie atlete begin afrig, moes ek my eie kreatiwiteit inbring asook dinge wat beter vir my werk. Die basis is egter deur my pa gelê.

"Ek dink die belangrikste ding wat ek by hom geleer het, is om die regte benadering te hê. Ek het altyd 'n goeie oog gehad vir tegniek, maar my persoonlikheid moes ook groei, want jy werk met mense. Gelukkig het ek nog altyd die geduld en die liefde vir die sport gehad. Jy moet verlief wees op die sport, jy moet obsesief daaroor wees om dit goed te doen."

Cornelius het ná skool sport-

